

8 April

Skrifgedeelte: Handeling 24 (OAV)
Fokusgedeelte: Handeling 24:24-25

Hoe luister ons na God se Woord?

Daar staan in die Bybel harde dinge. Die Skrif dring deur alle maskers waaragter ons ons sondige hart verberg. Dit is 'n skerp swaard wat ons diep in ons siel kan wond.

Hoe luister ons dan na die Woord? Is ons bereid om werklik 'n regsomkeer op ons lewenspad te maak? Gaan ons op weg na Jesus Christus, wat die Weg, Waarheid en Lewe is? Baie mense huil warm tranes oor hulle verlore lewe, sonder om die stuur om te draai.

Daar het jy Antonius Felix, in die jare vyftig Romeinse goewerneur oor die Jode, en sy vrou Drusilla. Hulle luister na Paulus se prediking oor die Here Jesus. Op Cyprus het 'n Romeinse goewerneur, ene Sergius Paulus tot geloof gekom, "verslae oor die leer van die Here". Sal Felix en Drusilla verstaan dat die Here aan die poorte van hulle harte klop?

Paulus praat oor *geregtigheid* – en wys Felix op die onreg van sy regering; hy praat oor *selfbeheersing* teenoor 'n man met 'n wellustige gees; hy praat oor *die toekomstige oordeel* teenoor 'n regter wat omkoopgeld soek. Só bring God se Woord hierdie twee mense voor God se regterstoel. Dit is die plek wat die Woord moet hê. Felix, bang vir Paulus se woorde, sê: God kan eers wag. Later ... Maar uitstel word afstel.

Hoe luister ons na God se Woord? Gebeur daar iets as ons ontmasker word? Sê ons dan biddend: "Here, hier is ek. U weet van al my skuld! Ek is verlore! Laat my tog nie alleen nie."

As dit gaan gebeur, dan gaan die engele sing. Nooit het die Here iemand in die moeras van sy sonde laat staan nie. Daar is genade. Daar is redding.

Sing Psalm 25:6 (Totius)

Prof F Denkema (Emeritus)